Tuisonderwys Hulpbronne

Graad 8 Kwartaal 3
Geskiedenis Opsomming

Europese kolonisasie van Afrika in die laat 19de eeu

Afrika voor Europese kolonisasie

- Afrika het uit duisende etniese groepe bestaan voor 1800 met hulle eie tradisies, godsdienste en kulture.
- Die eerste Europese handelaars het na Afrika gereis in die 1450's.
- Omdat die weermagte van Afrika baie sterk was, het hulle nie in die binneland van Afrika ingegaan nie.
- Hulle het hoofsaaklik handel gedryf by die hawens of langs die kus.
- Vir die volgende 400 jaar was die vernaamste handelsartikels slawe, dierevelle en ivoor geruil vir gewere, huishoudelike goedere, plaasimplemente en materiale.
- 'n Paar Afrika-ryke het oor die jare gevorm, maar weens aanhoudende gevegte tussen buurstamme, het hulle nie lank gehou nie.

Berlynkonferensie van 1884

- Die Europese lande het 'n Industriële Rewolusie beleef in die 1800's.
- Om meer grondstowwe te bekom, moes hulle kolonies kry.
- Die Begeerte om ander lande te beheer of te beïnvloed, staan bekend as imperialisme.
- Kolonisasie is die proses waardeur daar met dwang 'n ander verafgeleë land oorgeneem is deur 'n Europese land.
- Sodra hulle die land oorgeneem het, word setlaars gestuur om die ekonomies te gaan uitbuit en om te regeer oor die inheemse mense.
- Die wedloop vir kolonies in Afrika het as die "wedloop" of "verdeling" van Afrika bekend gestaan.
- Brittanje, Portugal en Frankryk het reeds groot grondgebiede vir hulself opgeëis voor 1884.

- Kleiner gebiede is geëis deur Italië en Duitsland.
- Otto von Bismarck, die Duitse kanselier, het 'n internasionale konferensie belê in Berlyn.
- Hy wou riglyne opstel vir kolonisasie of vir die oorname van Afrika gebiede.
- 14 lande het die dokument onderteken wat die volgende insluit:

  - Geen slawehandel nie.
  - Geen verkope van alkohol en gewere aan sekere gebiede nie.
  - Sendingaktiwiteite moet beskerm word.
  - Areas van invloed moet volgens lengte- en breedtegrade verdeel word.
  - Lande moet mekaar in kennis stel wanneer hulle 'n gebied oorgeneem het.
  - Grond moet die wettige eiendom wees van die afrika-inwoners.
  - Lande kon aan 'n grondgebied vashou indien:
    - Hulle 'n verdrag met die plaaslike hofman gesluit het.
    - Hulle vlag gewapper het.
    - Hulle polisie gehad het om reg en geregtigheid te laat seëvier.
    - Hulle ekonomies gebruik van die kolonie gemaak het, so nie, kon ander mag inkom en die grondgebied oorneem.

- Die Berlynse Konferensie het die imperialistiese "wedloop" geformaliseer om Afrika.
- Afrika opgedeel na hierdie konferensie.
- Elke Europese land wou soveel as moontlik nuwe grondgebied vir hulself hê om hul teenstanders te kon wen.

- Hulle het die reëls geïgnoreer wat uitgesit was in die bogenoemde dokument.
- Daar was soveel wedywering en spanning tussen die onderskeie lande dat die gebeurtenis uiteindelik tot die Eerste Wêreldoorlog gelei het in 1914.
- Daar was slegs 2 onafhanklike state oor in die hele Afrika teen 1895:
  - Liberië: Hierdie staat het gedien as 'n basis vir voormalike slawe water teruggekom het uit Noord-Amerika.
  - Abessinië (ook bekend as Ethiopië): het 'n Italiaanse besetting stopgesit na 'n oorlog van 7 jaar.

Oorsake van kolonisasie



- Ontdekkingsreisigers en avonturiers het terug gegaan na Europa voor 1800 en hulle oortuigings versprei dat Afrika oor 'n groot rykdom beskik wat wag om ontdek te word.
- Die ontdekking van kinien het gehelp om kolonisasie moontlik te maak.
- Die nuwe Maxim-masjiengeweer het vir Europeërs baie beter vuurkrag gegee as die gewere wat die Afrikane gebruik het.
- Die Europese lande het 'n Industriële Rewolusie en bevolkingstoename beleef na die 1700's.
- Die klimaat het nie toegelaat om baie van die vrugte en groente te kweek wat hulle nodig gehad het nie, terwyl hulle ook nie baie van die rou grondstowwe wat hulle vir hulle fabrieke nodig het, gehad het nie.

- Behalwe ekonomiese redes, was daar ook strategiese, kulturele en politieke redes:
  - Hawens was benodig om die handelroetes te beskerm.
  - Om nuwe grondstowwe te bekom om hulle rykdom te vermeerder soos: goud, silwer, koper, diamante, tin, olie, katoen, tabak, tee, kakao, ivoor, hout, steenkool, rubber en palmolie.
  - Om markte vir vervaardigde goedere te wen.
  - Om die oorblywende bevolking weens oorbevolking, werkloosheid en armoede wat deur verstedeliking veroorsaak is, te hervestig.
  - Die verspreiding van Christendom, bv, David Livingstone.
  - Om nasietrots en status te verhoog.
  - Om militêre en vlootbasisse te verstig.
  - Om die plaaslike bevolking as soldate te huur.

Patrone van kolonisasie: watter lande watter dele van Afrika gekoloniseer het

- Aan die begin was die kolonisasiepatroon baie soortgelyk in meeste lande.
- Die koloniale magte het die Afrikalande oorgeneem met dwang terwyl hulle die grondstowwe onttrek het en die bevolking van Afrika gebruik het om meer rykdom te maak vir die moederland.
- Die lande wat gekoloniseer het, het die inheemse bevolking ander behandel.
- Die Franse het die Afrika-bevolking as Frans aanvaar, solank as wat hulle hul Afrika-tradisies prysgegee het.
- Die Britte het die die Afrika-inwoners as gelykes aanvaar nie, selfs al het hulle Britse gebruike aangeneem.
- Die Portugese het Afrikane toegelaat om te trou met hulle mense, maar het steeds die 'suiwer' Portugese beskou as meerderwaardig teenoor iemand van 'n gemengde ras.

Die Britte

- Cecil John Rhodes het sy mynmaatskappy gevestig noord van die Limpoporivier en Suid- en Noord-Rhodesië verower vir Brittanje, bekend vandag as Zimbabwe en Zambië.
- Sommige ander lande gekoloniseer deur Brittanje was: Betsjoeanaland (Botswana), Njassaland (Malawi), Soedan, Egipte, Nigerië, Kenia, Uganda en Brits-Somaliland.
- Die Britte het setlaars aangemoedig om na hulle kolonies te trek.
- Gewoonlik het hulle plaaslike inwoners in die regerings ingesluit.

- Die nuwe kolonies het deel van die Britse ryk geword onder die moarg en die Union Jack-vlag.
- Die Britte het die sendelinge ondersteun, maar die grondstowwe en minerale uitgebuit.

België

- Koning Leopold II van België het die beroemde ontdekkingsreisiger Henry Stanley gestuur om verdrae te sluit met die Afrika-hoofmanne langs die Kongorivier.
- Die koning het die Kongo-Vrystaat in 1885 persoonlik besit.
- Hierdie grondgebied was 75 keer groter as België.
- Leopoldville en Stanleyville was dorpe in die kolonie.
- Groot verskeppings van rubber en ivoor het na België gegaan.
- 'n Terreur-regime is afgedwing op die plaaslike mense.
- Omtrent 8 miljoen mense, die helfte van die totale plaaslike bevolking, het tussen 1885 en 1908 gesterf weens oorlog, siektes en hongersnood.
- Daar was groot teenkanting deur die Belgiese mense teen die dade van koning Leopold II.
- Die Belgiese regering was oorreed om die kolonie oor te neem.
- Die koming het £3.8 miljoen ontvang, die dwangarbeidstelsel het aangehou.
- Die Franse het die westelike deel van die Kongo gekoloniseer.
- Dit staan vandag bekend as die Republiek van die Kongo.
- Die Belgiese grondgebied het ook Burundi en Rwanada ingesluit.

Portugal

- Handelskolonies is deur die vroeë Portugese handelaars gestig langs die kus van Mosambiek in die laat-15de eeu.
- Hulle het meestal slawe en ivoor geruil.
- 'n Portugese handelaar, Lourenço Marques, het in 1544 die gebied wat nou as Maputo-baai bekendstaan, ontdek.
- Hy het homself permanent daar gevestig en is deur ander ontdekkingsreisigers, handelaars en seemanne gevolg.
- Aan die begin het maatskappy die kolonie geregeer en aan spoorlyne gebou na die buurstate.
- Die plaaslike inwoners was aangemoedig op die Portugese kultuur en Katolieke geloof aan te neem.
- Die inheemse mense moes dwangarbeid doen indien hulle nie belasting betaal het nie.
- Angola op die weskus van Afrika was 'n ander Portugese kolonie.

Franse en Duitsers

- Na die Britse ryk, was die Franse koloniale ryk die tweede grootste.
- Hulle kolonies het Senegal en Niger ingesluit.
- Die Franse wou die beskawing na die agtergeblewe stamme bring.
- Sekere Afrikane het gekwalifiseer om Franse burgers te word.
- Daar was baie gewelddadige botsings met die Afrikane oor slawerny.
- Die Duitsers het 'n soortgelyke kolonisasiepatroon gevolg in hulle 2 kolonies van Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) en Duits-Suidwes-Afrika (Namibië), deur grondstowwe en die uitbuiting van die inheemse mense.

Waarom Europese lande in staat was om Afrika so vinnig te koloniseer

- Die Berlynse Konferensie het toestemming gegee aan die 13 Europese lande om te koloniseer solank as wat hulle 'n lys van reëls gevolg het.
- Die hoofdoel van kolonisasie is as goed en die moeite werd uiteengesit:

    - Stop slawerny.
    - Bekeer stamme tot die Christendom.
    - Maak die Afrika-bevolking beskaaf.

- Hierdie doelwitte het egter hulle ware doelwitte vermom om soveel as moontlik rykdom te kry, ongeag hoe die plaaslike mense geraak is.
- Nasietrots en geldgierigheid het veroorsaak dat die magte vinnig beweeg het.
- Die resies om soveel as moontlik kolonies te verkry het begin omdat hulle bang was dat daar niks sou oorbly vir hulle nie.
- Die magte was in staat om Afrika vinnig te koloniseer omdat:

    - Hulle wapens was beter.
    - Die Afrikane nie in hulle weerstand verenig was nie.
    - Sommige hoofmanne die groot beloftes van rykdom geglo het indien die Europeërs sou toelaat om handel te dryf of myn.

Invloed van kolonisasie

- Die kontinent van Afrika was verdeel in afsonderlike lande.
- Verskillende stamgroepe of nasies was in 1 politiese gebied saamgevoeg, wat konflik veroorsaak het.
- Oral in Afrika was die kolonisasiepatrone soortgelyk.
- 'n Arogante koloniale mag het die land binnegekom en met geweld die inheemse mense verslaan.
- Omdat hulle beter wapens gehad het, was hulle in staat om dit vinnig te doen.
- Kort voor lank het hulle die plaaslike inwoners aan die werk gesit om al die grondstowwe uit die kolonie en na die moederland terug te verskeep.
- Wins was geneem deur die kolonialiste en die Afrikane het in armoede geleef.
- Aan die anderkant kan daar ook geargumenteer word dat koloniale magter die volgende voordele gebring het: Paaie, spoorweë, brûe, hawens, elektrisiteit, hospitale, regeringsgeboue, tegnologie, opvoeding en Christendom.

- Afgesien van hierdie beskawing, is daar teen swartmente gediskrimineer en het hulle tweedeklasburgers in hulle eie land geword.
- In baie gevalle is hulle wreed en onmenslik behandel.
- Die groei van dorpe en stede het mense toegelaat om te trek na hierdie areas.
- Mense het hulle bande met hulle tradisionele kulture verbreek.
- Die koloniste het nie die kultuur en tradisies gerespekteer van die plaaslike inwoners nie.
- Etniese groepe is dikwels in die helfte in 2 verskillende lande verdeel wanneer grense bepaal is.
- 'n Nasionalistiese gees het ontwikkel wat gelei het tot die onstaan van vryheidsorganisasies.
- Hulle het met guerrilla-leërs die koloniale magte uitgedaag, totdat hulle hulle vryheid gewen het.
- Die wedloop om kolonies in Afrika het tot soveel jaloesie en spanning gelei in Europa dat 'n wêreldwye oorlog uitgebreek het tussen 1914 en 1918.

Die impak van kolonialisme

- Kolonisasie het 'n langtermyn-impak gehad op Afrika.
- Inplaas daarvan dat die Afrika-bevolking selfonderhoudende boere kon wees, het grondonteiening veroorsaak dat hulle arbeiders geword het.
- Dit het gelei tot armoede en hongersnood.
- Hulle het nie voordeel getrek uit die ontginning van materiale en grondstowwe wat verkoop was aan oorsese markte nie.
- Rasse-onderdrukking het veroorsaak dat swartmense minderwaardig en agterlik gevoel het.
- Afrika kultuur, taal en tradisies is geïgnoreer ten gunste van die Westerse kutuur.
- Die meeste van die kolonies het onafhanklikheid verkry in die 1960's, maar hulle probeer die Afrika-lande vandag steeds te herstel van koloniale uitbuiting.

Die Ashanti-koninkryk

Die kus van Wes-Afrika voor die aankoms van die Europeërs

- Die grondgebied van die Ashanti-koninkryk staan bekend vandag as Ghana, ook voorheen bekend as die Goudkus.
- Die Akan-sprekers was in klein ryke verdeel voor die aankoms van die Europeërs.
- Gelukkig het hulle op grond geleef wat gewemel het van wildediere.
- Mondelinge geskiedenis sê dat die Akan-state goed georganiseerd was in die 10de eeu.
- Heersers het bekend geword vir hulle rykdom en uitstekende krygers.
- Hulle het goud, slawe en ivoor verhandel met Noord-Afrika al langs die trans-Sahara-woestynhandelsroete.

Die Ashanti en hulle vroeë kontak met Europese handelaars en ontdekkers

- Portugese handelaars het na die weskus van Afrika gekom in die laat 1600's en die Akan-sprekers hulle handelsvennote gemaak.
- Die Nederlanders en Franse het gevolg.
- Later het die Britte ook gekom om goud, slawe en ivoor te verhandel.
- Met die wapens wat hulle ontvang het uit die handel, het hulle koninkryk sterker en groter gegroei as die van hulle bure.
- Hoofman Osei Tutu en sy priester het in 1701 in 'n magtige militêre staat verenig.
- Volgens die legende het 'n Goue Stoel uit die hemel gekom en Tutu het dit verklaar as 'n simbool van gesag vir homself as die koning van die nuwe Ashanti koninkryk.
- 'n Broodwortelfees was as 'n simbool van nasionale eenheid gereël om die koninkryk te vier.
- Hoe Tutu sy koninkryk georganiseer het:



- Regeringsamptenare is gekies op meriete.
- Daar was 'n uitstekende kommunikasiestelsel in die koninkryk.
- 'n Nuwe stel reëls is saamgestel vir die regering.
- Kumasi het die hoofstand geword van die ryk.
- Goudmyne was koninklike besittings.
- Goudstof het die geldeenheid geword.
- Die koning het die kunste geborg: goud en brons kunshandwerk, beeldsnykuns, die maak van meubels, helderkleurige geweefde lap.

- Vir 16 jaar het koning Tutu geregeer.
- Die koninklikes en ryk amptenare het waardevolle goue juwele gedra.
- Die Ashnati-leër het teen 1750 al die omringende stamme verower en hulle ingesluit in die vernigde koninkryk.
- Die koninkryk het 'n bevolking van meer as 4 500 000 mense gehad en oor 193 000 vierkante kilometer gestrek.
- Die Britse ontdekkingsreisiger Kumasi het in 1817 binnegegaan.
- Hy het daar gebly vir 'n paar maande.
- Toe hy teruggekeer het na Brittanje het hy 'n boek geskryf met die titel 'Mission from Cape Coast castle to Ashantee'.
- Hierdie boek het die Britte aangemoedig om in die weskus as 'n toekomstige kolonie belang te stel.

Die Britte en die kolonisasie van die Goudkus

- Die Britte het op die Goudkus saam met die Nederlanders, Dene, Pruise en Sweedse handelaars handel gedryf in die 1700's.
- Hulle het almal forte gebou langs die kus.
- Hulle het messe, gewere, spieëls, krale en rum verhandel vir slawe, goud, ivoor, rubber, vere en palmolie.
- Die African Company of Merchants is gevorm deur handelaars in 1817.
- Hulle het 'n vriendskapsverdrag gesluit met die Ashanti-mense en het hulle grondgebied wat 300 km na die binneland was, erken.
- 'n Britse goewerneur was na die Goudkus gestuur in 1820 om vrede te maak en om slawerny te stop.
- Hy het probeer om die stamme van die kus te verenig teen die Ashanti.
- Hy het hulle handelsroetes gesluit na die kus.

- Hierdie optrede het die Britte in konflik laat kom met die Ashanti-koninkryk, wat 'n uitstekende militêre organisasie van ongeveer 80 000 troepe gehad het en waarvan 40 000 met oudydse wapens bewapen was.

- Hulle het geslaag daarin om die Britte in 'n reeks oorloë teen te staan wat afwisselend geduur het vir 76 jaar.
- Die Ashanti se indrukwekkende optrede teen die Britte het hulle die respek besorg van ander Westerse magte.
- Brittanje het hulle invloed in die gebied van die Goudkus vermeerder deur die Nederlandse kus te koop, wat die Elmina-kasteel ingesluit het.
- In een van die oorloë in 1874 het die Britse troepe die gebied ingeval wat aan die Ashanti behoort het, en die hoofstad Kumasi aan die brand gesteek.
- Hulle het die Goue Stoel gevange geneem en die koning verban.
- 'n Britse goewerneur het probeer om oor die grondgebied te regeer.

Invloed van kolonisasie vir die Ashanti-koninkryk en Brittanje

- Die Britte het die Ashanti gedwing om 'n protektoraar van die Britse kroon te word in 1896.
- In 1900 het die Ashanti weer beswaar daarteen gemaak, maar het die Oorlog van die Goue Stoel verloor.
- Die Ashanti het hulle onafhanklikheid heeltemal verloor in 1902 toe hulle 'n Britse kolonie, tesame met die kusstamme, onder die Britse goewerneur geword het.
- Brittanje het die Goudkus gekoloniseer op die volgende maniere:

    - Paaie, spoorweë en brûe gebou.
    - Skole, tronke, openbare geboue en hospitale gebou.
    - Goud, metaalerts, diamante, ivoor, peper, timmerhout, graan en kakao uitgevoer.
    - Hidroëlektriese projekte vir die voorsiening van water gebou.
    - Hoofmanne vir plaaslike regering gebruik maar onder 'n Britse amptenaar.
    - Hoofmanne met aansien, medaljes en ridderskap vereer.